

BOEKRESENSIES

D.M. Lloyd-Jones, Darkness and Light. An exposition of Ephesians 4:17-5:17, The Banner of Truth Trust, Edinburgh 1982. Prys R22.95.

Dr. D. Martin Lloyd-Jones is op die 1ste Maart 1981 oorlede. Toe het hy reeds self, met behulp van ander, sewe preekbundels oor die brief van die apostel Paulus aan die Efesiërs die lig laat sien. Die sewe bundels is genoem:

- God's ultimate purpose 1:1-23
- God's way of reconciliation 2:1-22
- Unsearchable riches of Christ 3:1-21
- Christian unity 4:1-16
- Life in the Spirit 5:18-6:9
- Christian warfare 6:10-13
- Christian soldier 6:13-20

Die bogenoemde uitgawe is na sy dood persklaar gemaak deur medewerkers. Hulle kon dit doen deur middel van bandopnames wat van die preke gemaak is in die Westminster Kerk, London.

Die deurlopende gedagtegang in hierdie preke is dat h gesonde christelike lewenswandel stewig gegrond moet wees op gesonde Skrifleer.

Die tegnieke wat die skrywer volg is om eers die breë verband aan te toon. Reeds in sy eerste preek doen hy dit ten opsigte van die hele brief (bls. 13 - 16). Die engere verbande: die plek van die perikoop in die geheel, die tekstuele en sinsverbande word dan stelselmatig uitgelig. Dit is interessant hoe hierdie prediker die teks woord vir woord volg (kyk bv. bls. 25 - 31). Dit word in Engeland en Amerika "expository sermons" genoem. Dr. Lloyd-Jones het hierdie soort van prediking tot h fyn kuns ontwikkel, soos diegene sal kan getuig wat hom hier ter lande, so h paar jaar gelede, gehoor het.

Sy uitleg word nou en dan afgewissel met h illustrasie uit die lewe om een of ander Skrifwaarheid te beklemtoon - soos die verhaal van die man wat sy snorbaard afgeskeer het nadat hy tot bekering gekom het.

Dit is nie 'n kuns om kritiek uit te spreek teen 'n preekbundel nie, want daar is seker niks so persoonsgebonde as 'n preek nie. In 'n sekere sin moet dit ook so wees.

Kerklike tradisie speel hierin ook 'n aansienlike rol. Die vrae of 'n preek altyd 'n helderomlynde tema moet hê en of die indeling volgens die eise van die teks afsonderlik gedefinieer moet word met pakkende inleiding en opsommende slot, moet gestel word, maar dan altyd met in agneming van die tipe prediking, die kerklike tradisie en persoonlikheid van die prediker.

Nader op die man af sou 'n mens kon vra: of die styl van die prediker - by name, sy soms oorweldigende lang sinne, nie die hoorder sal vermoei nie en of die woordbetekenis altyd suiwer uit die konteks afgelei is.

Per slot van rekening moet die vraag gevra word of die boodskap van die preek verstaan is en dan is die getuienis dat hierdie reeks en dié oor Romeine "proved to be the most popular expository material to be issued in the U.K. in this century".

P.P.A.K

---o0o---

James L. Crenshaw, Gerhard von Rad, Word Books, Waco, Texas 1978, 193 pp. Prys R12.30.

Gerhard von Rad is al dikwels beskryf as die moderne waterskeidingsfiguur wat die Ou-Testamentiese Wetenskap betref. Dit is veral sy monumentale Theologie des Alten Testaments in twee volumes wat hom groot bekendheid verwerf het. Daarbenewens het hy 'n hele lys ander belangrike publikasies die lig laat sien. Daar is sy Genesisiskommentaar, publikasies oor Moses, die heilige oorlog, die Josefvertellings, die probleem van die Heksateug, Deuteronomium, die Wysheid in Israel, die Kronistiese Geskiedswerk en talle ander geskrifte.

In die onderhawige boek bespreek Crenshaw die bydrae van hierdie reus onder Ou-Testamentici. Hy doen dit na 'n intensiewe studie van Von Rad se groot verskeidenheid geskrifte en na gesprekke met sy vrou en andere wat nou gemoeid was met hom.

In die eerste hoofstuk gee hy onder meer 'n waardevolle oorsig van die lewe van Von Rad en 'n samevatting van sy basiese uitgangspunte, te wete die klein historiese credo, sy geskiedsbeskouing, sy aanwending van die tradisies, sy weerstand teen 'n rasioneel-sistematiese uitgangspunt en sy beskouing van die verhouding tussen Ou en Nuwe Testament. Hierdie hoofstuk gee vir die beginner 'n groter insig in die denke van Von Rad. Dis egter jammer dat Crenshaw nie meer gesê het oor die verhouding tussen Von Rad en Martin Noth nie.

Hoofstuk twee behandel die tradisie-historiese standpunt van Von Rad onder die opskrifte: die heilige oorlog, die tent en die ark, die Sinai-tradisie, die Eksodustradisie en Dawid en Sion. Hierdie belangrike aspek van Von Rad se benadering word in slegs 27 bladsye bespreek. Gevolglik laat die skrywer nie daaraan reg geskied nie. Die skeppingstradisies word saam met Sinai bespreek en die aartsvadertradisies saam met die Eksodustradisie. Die uiters belangrike Dawids- en Siontradisies word in net één bladsy afgehandel sonder vermelding van die rol van die ark en die godeberggedagte by die ontstaan van die Sionstradisie. Dié bondige behandeling is 'n besliste tekort in die boek.

In hoofstuk drie bespreek hy die draers van die tradisies van Israel met verwysing na die Jahwis, die Elohis, die Deuteronomis, die Deuteronomistiese Geskiedskrywer, die Priestergeskrif, die Kronis, die Profete en die Wysheidsleraars. Die standpunt van Von Rad dat ons eerder van teologieë in die Ou Testament moet praat, blyk duidelik uit hierdie uiteensetting.

Die volgende hoofstuk gee 'n beeld van hoe Von Rad enkele Ou-Testamentiese figure sien. Moses word geskets as die eensame. Abraham word feitlik grotendeels teen die agtergrond van Genesis 22 beskou as God se slagoffer. Josef is 'n model vir die wysheidsleringe, iemand wat hom berus het in God se vreemde werkwyse. Dawid, die man na God se hart, is eintlik 'n groot sondaar. Die laaste persoon is die profeet Jeremia wat beskryf

word as die een wat deur God verlaat is. Die slotsom waartoe die skrywer kom, is dat God se geroepene 'n eensame pad moet loop, vir ander moet ly en selfs Godverlatenheid moet ervaar. Sommige van hierdie beskrywings open beslis nuwe perspektiewe. Veral dié van Abraham en Jeremia is baie lesenswaardig. Dis jammer dat Crenshaw die Mosesbeeld gebruik het om Von Rad se standpunt oor die "Wet" weer te gee. Dit onderbreek die skets van die mens Moses.

In hoofstuk vyf word ondermeer Von Rad se siening van die Ou-Testamentiese wêreldbeeld en skeppingsdenke bespreek. Die wysheid in Israel kom hier tereg. In die voorlaaste hoofstuk kom die verhouding tussen die twee Testamente onder bespreking. Die verskillende wyses waarop Von Rad die oorgang na die Nuwe Testament doen, word goed gestel: analogie, belofte-ervulling, die linguïstiese skakel, sy besondere tipologie en geloofsbelydens. Dis jammer dat die metode van herinterpretasie nie genoegsaam verduidelik is nie, aangesien dit juis die tipiese werkwysse van Von Rad is.

In 'n baie kort slothoofstuk word 'n positiewe en negatiewe waardering van die werk van hierdie befaamde geleerde gegee. Dit is 'n goeie oorsig wat vir die beginner as riglyne kan dien by die lees van Von Rad se publikasies.

Daar het al verskeie evaluasies van Von Rad verskyn. Hierdie een is egerterdie eerste een wat 'n geheelbeeld uit sy groot literêre nalatenskap wil gee. Daarin lê sowel die waarde as die tekortkominge van Crenshaw se boek opgesluit. Die waarde van die boek is dat dit 'n borsigtelike beeld gee van Von Rad se denke soos in die groot verskeidenheid publikasies weerspieël word. Dit is 'n lofwaardige poging en bied aan die nuweling 'n baie goeie oorsig van die bekwame Ou-Testamentikus se werkwysse en gedagtes. Tog is dit ook juis hier waar die groot probleem geleë is. Want hoe kan mens aan só 'n omvangryke literêre nalatenskap laat reg geskied in minder as 200 bladsye? Die resultaat is dat daar nie behoorlik aandag gegee is aan 'n hele aantal belangrike sake nie. As voorbeeld geld die reeds gemelde oorsigtelike behandelings van die tradisies wat so 'n deur-slaggewende funksie in Von Rad se benadering van die Ou Testament speel.

Oor die algemeen kan die boek sterk aanbeveel word vir almal wat 'n eerste kennismaking met Von Rad wil maak. Daarmee saam behoort die werke van D.G. Spriggs en G.H. Davies egter ook gebruik te word.

W.V.

---o0o---

G.W. Anderson (Editor), Tradition and interpretation, Oxford 1979, 462 pp. Prys R30.05.

In die afgelope halfeeue het die Ou-Testamentici in Groot Brittanje in 'n gesamentlike poging vier belangrike publikasies die lig laat sien. Die eerste was The People and the Book (1925). Ek onthou nog hoe insiggewend sy opvolgende Record and revelation nog vir my was tien jaar na sy publikasie in 1938. En toe weer The Old Testament and modern study in 1951. Wie wil weet wat op 'n bepaalde tydstip gedink en geskryf is oor 'n faset van die groot studieveld in die Ou Testament, moet hierdie gesaghebbende publikasies raadpleeg. Hierdie werke is opgevolg deur die boek onder bespreking, geskryf deur elf eminente lede van die Society for Old Testament Studies en twee erelede, proff. H. Cazelles en W. Zimmerli: almal vakmanne van naam en outoriteite in die onderafdelings van die Ou Testament waaroor hulle geskryf het. Dit handel oor Tekskritiek, Filologie, Argeologie, Historiografie, Literêr kritiese vrae oor die pentateug, wysheidsliteratuur, psalms en apokaliptiek. Daar is 'n insiggewende oorsig oor die Ou-Testamentiese Historiografie deur J.R. Porter waarin hy ingaan op die eiesoortigheid van die Bybelse historiografie. Dit kom vir hom daarop neer dat dit nie soseer geleë is in die interpretasie van wat gebeur het en die aandien van 'n beweging van die geskiedenis êrens heen nie (p.131). Dit is ook te bespeur in nie-Bybelse historiografie. Die wesenlike van die Bybelse is dat die opeenvolgende kleiner eenhede in groter blokke ingewerk is, en dat dit weer in een groot geheel saamverwerk is. Dit het gebeur omdat Israel as volk in die loop van die geskiedenis ook 'n eenheid geword en as eenheid gesien is, en dit word weer-spieël in sy historiografie. In Israel was daar nie 'n opeenvolging van verskillende volke wat mettertyd een geword het met 'n bestaande gevestig-

de kultuur nie. Hiervoor sou Porter kon verwys het na die uitstekende werk van Herman Schneider: Kultur und Denken der Babylonier und Juden, Leipzig, 1910. 'n Aspek van die historiografie wat meer indringend bespreek moes word, is dié dat die Mesopotamiese beskawing net 'n sikliese konsep oor die geskiedenis gehad het, soos ook die Grieke baie later, en dat die Israelitiese beskouing vergelyk kan word met 'n reguitlyn wat op 'n doelvulling uitloop. Porter reageer op Albrektson se kritiese vrae en opmerkings deur te beweer "that the truth in this matter lies between the two extremes..." (p.128). So is dit, maar presies waar? Is dit nie eerder so dat kulties-filosofiese literatuur die antieke wêreld oor 'n staties-sikliese beeld vertoon nie, terwyl die historiese literatuur 'n voortgang vertoon, 'n voortgang nie aan die geskiedenis as gebeure, as wording (vgl. A. Momigliano: Time in ancient historiography, History and Theory, Beiheft 6, pp. 1-23). En by voortgang moet 'n mens oppas om nie te verval in die ewolusionistiese vooruitganggedagte van beter word, hoër klim langs 'n stygende lyn nie (vgl. Berry: The idea of progress, New York, 1955). Daar moet vir die geskiedenis eerder aan die spiraal as beeld gedink word, want dit beklemtoon die eendersheid met sy sirkel, en die andersheid met sy uitskakeling van die blote herhaling en die moontlikheid van opwaartse en afwaartse beweging: vooruit, maar soms ook agteruit (vgl. W. Brüning: Geschichts-Philosophie der Gegenwart, Stuttgart, 1961).

Nog 'n bydrae wat veral vir ons studente en predikante van belang is, is dié deur Bruce (The theology and interpretation of the O.T. pp 385-416), waar hy enkele probeerslae om 'n O.T. Teologie vanuit 'n sentrale tema te bespreek sowel as enkele van die wat van 'n verskeidenheid teologieë praat, bespreek: met 'n aksent op die plek van die verbond. En tog is God ook buite die verbond eindeloos in sy genade aan alle mense.

Hierdieboek, so ryk aan inligting, duidelik in die gee van perspektiewe en van deurlopende hoogstaande kwaliteit word met vrymoedigheid aanbeveel.

A.H. v Z.

B.J. Engelbrecht, God, die Heilige Gees, H.A.U.M., Pretoria en Kaapstad 1981, 173 pp. Prys R8.50.

Dit is bekend dat die leerstuk aangaande die Heilige Gees gedurende die afgelope anderhalf dekades besondere aandag in die kerk en in die teologie ontvang het. Die opkoms van die "charismatiese beweging" het die kerk voor indringende vrae aangaande die Persoon en werk van die derde Persoon van die Goddelike Drie-eenheid gestel. As antwoord op hierdie vrae het 'n hele aantal publikasies oor die Pneumatologie verskyn. Onder hierdie publikasies neem prof. B.J. Engelbrecht van Pretoria se "God, die Heilige Gees" 'n eiesoortige plek in. Dit is nie die bedoeling van die skrywer om in hierdie studie 'n analise van die veelheid mekaar opponerende teorieë oor die Heilige Gees te gee nie maar om, in hoofsaak, die leer van die Heilige Skrif in hierdie verband duidelik te beskryf. Dit het gelei tot die totstandkoming van 'n boek wat daarop gerig is "om ons gewone lidmate en ampsdraers in te lig oor al die vernaamste aspekte van die leer oor die Heilige Gees, en om sodoende iets van die rykdom wat daar opgesluit lê in die leer aangaande die Persoon, werk, gawes en vrugte van die Heilige Gees, in die lewe van ons lidmate en ampsdraers in te dra." Alhoewel die boek nie in die eerste instansie bedoel is as 'n reaksie in die vakteologiese debat nie gee die Skrifuitleg tog deurgaans blyke van grondige wetenskaplike verantwoording.

Die kort beskrywing van tersaaklike dogma-historiese gegewens wat van tyd tot tyd gebied word sowel as die kontrastering daarvan met die vermelding van enkele hedendaagse dwaalleringe, byvoorbeeld die Jehowagetuies se ontkenning van die Godheid en afsonderlike Persoonwees van die Heilige Gees, werk mee daartoe dat die Bybelse leer oor die Heilige Gees besonder helder na vore tree.

Die insiggewende behandeling van temas soos die doop met die Heilige Gees, die gawe van genesing en die gawe van die spreek in tale maak hierdie boek 'n besliste koerswyser vir diegene wat worstel met die vrae wat deur die pentakostalistiese kerkgroeperinge aan die orde gestel word. Hierdie publikasie word egter nie alleen vir laasgenoemde mense aanbeveel nie maar vir alle lidmate, predikante en teologiese studente. Met hierdie studie het die skrywer 'n belangrike bydrae tot die Afrikaanstalige teologiese literatuur gelewer.